

Sing vooraf staande: Psalm 78:12 (p. 393)

- 12 So het die HEER hul dae weg laat slyt / in skrik en smart, in moeite en nietigheid.
En as die dood hul tent oorval, dan vlug / hul soekend, sugtend na hul God terug,
gedagtig dat hul rotssteen, trou en vas, / die Allerhoogste, hulle redder was.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Gebed

Psalm 31:4 (p. 144)

- 4 Ek gee my gees oor in u hande, / my Redder, wat my trou / in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande / hul neerbuig voor die gode. / Ek steun op God in node.

Skriflesing: Jesaja 7

Teks: Jesaja 7:14; Kategismus Sondag 6

**Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word
en 'n seun baar en hom Immanuel noem.**
(Jesaja 7:14 AFR1953)

Die gedeelte waarvan gelees is, handel oor die Here Jesus Christus se voorsate.

- Sy vernedering as mens kom al na vore in die manier waarop hulle aanbidding skeefgeloop het.
- Hy is gebore uit 'n geslag waarin daar mense was wat die Here heeltemal verruil het vir afgode.
- Dit terwyl die Here van alle mense, van die skepping af, net soos van ons, onverdeelde aanbidding geëis het, en nog steeds eis.

Om sekere van die beginsels in ons belydenis te verstaan, gaan kyk ons na dinge wat die Here in die geskiedenis aan ons openbaar.

1. Agas – sy staanplek in God se openbaringsgeskiedenis

2. Die Immanuel-teken vervul in Agas se tyd

3. Die Immanuel-teken vervul in die Here Jesus Christus

1. Agas – sy staanplek in God se openbaringsgeskiedenis

Peka was koning oor Israel in die tyd toe eers Jotam, en daarna sy seun Agas, konings van Juda was.

- Van Peka lees ons die bekende refrein van die konings van Israel: **Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here.**
- Hy was dus op die spoor van die meeste van sy voorgangers 'n slegte koning.

Kom ons kyk na die geskiedenis van die stam van Juda.

- Die stam waaruit die Here Jesus gebore sou word; en ons kyk hoe die konings daar presteer het.

- Jotam was 'n vroom koning wat die Here gedien het, maar sy seun Agas was nie.
- Agas was ook net 20 jaar oud toe hy koning geword het.

Van Agas openbaar die Here die volgende:

- Hy het nie gedoen wat reg was in die oë van die Here nie.
- Dit word juis negatief geskryf omdat die Bybel daarmee wil sê dat sy voorgangers – Joas, Amasia, Ussia en Jotam – wel gedoen het wat reg was in die oë van die Here.

Wat het hierdie Agas, voorvader van die Here Jesus, dan gedoen wat so sleg was?

- Die Bybel sê dat hy die dinge gedoen het wat die konings van Israel gedoen het.
- Hy het nie Jerobeam se kalwerdiens ingevoer nie, maar hy het wel die Omriede en Fenisiërs se Baäldiens ingevoer.
- Die ding het nogal 'n lang geskiedenis, want dit kom aan uit die tyd van Jehoram en Ahasia wat swaers was van Agab – en Agab en Isebel het mos hierdie afgodsdienste beoefen.

Terwyl ons Agab altyd as die slegte onthou, moet u, ter wille van perspektief, net weet dat Agas natuurlik baie verder gegaan het as Agab.

- Agab het net 'n klippilaar gemaak vir die Baäls, terwyl Agas vir hulle gegote beelde gemaak het.
- Agas het die hele natuuraanbidding weer in Juda laat posvat en ontwikkel:
 - Hy het op die hoogtes en op die heuwels offerrook laat opgaan.
 - Hy het ook onder die groen bome bidplekke ingeruim.
 - Die hoogtes en heuwels en groot groen bome is in die natuurdienste aanbid as natuurkragte.

Die ergste was natuurlik dat Agas sy eie seun deur die vuur laat gaan het, volgens die Kanaänitiese afgodsdienste.

- Die Here het vir hierdie Kanaänitiese afgodsdienste geen tyd gehad nie (Deuteronomium 12:31; 18:10).
- Daarom het die Here dit ook so uitdruklik verbied.

Die plek waar Agas dit gedoen het, is ook belangrik, want dit het in sy tyd bekend gestaan as Gehinnom (Dal van Hinnom).

- In Matteus 5:29 gebruik die Here Jesus die naam om te verwys na die hel. Die woord wat met *hel* vertaal word, is *gehenna*.
- Daaruit kom die sterk afkeur van die Here na vore vir die gruwels wat oor die jare op daardie plek gebeur het.

Agas het toe die teespoed van ongeloof begin belewe. Maar hy het nie tot bekering gekom nie.

- Hy het nog verder op die pad van afgodery gegaan.
- 2 Konings 16:10-16 verhaal hoe hy 'n afgodsaltaar uit Damaskus laat namaak het, en dit toe deur 'n priester, Uria, laat bedien het.
- Kronieke vertel waarom Agas dit gedoen het!
 - Hy het gedink: Die gode van die Arameërs help hulle.
 - Ek sal ook vir hulle offer, dan help hulle my ook!

Die Here openbaar van hierdie man, Agas, dat hy in sy ongeloof al hoe verder van die Here af weggedwaal het.

- Al hoe verder hy van die Here af weggeraak het, al hoe dieper het hy in die noute geraak.
- Die dieptepunt was toe hy die deure van die huis van die Here toegesluit het.

Waar pas hierdie man in die Here se raadsplan in?

- Die Here openbaar met hierdie man se geskiedenis onder andere hoe ver die stam van Juda, en die manne wat aan sy hoof gestaan het, soms geval het.
- Want dis die mense uit wie die Here Jesus gebore is.
- Hierin kom al 'n gedeelte van Jesus se vernedering na vore. Uit sulke mense is Hy – as mens – gebore.

Verder is dit so dat die Here juis mense soos hierdie beskik om sy genade – en dan veral sy verlossingsgenade soos wat dit in Christus verwerklik word – te openbaar.

Dit gebeur ook so hier.

- Toe die leërs van Israel en Aram rondom Jerusalem was, het die hart van die koning en die volk gebewe soos die bome van die bos bewe voor die wind.
- In daardie omstandighede stuur die Here Jesaja na Agas toe om hom gerus te stel.

2. Die Immanuel-teken vervul in Agas se tyd

Die Here noem Peka en Resin stukke rokende brandhout. Hulle lyk gevaarlik, maar hulle beteken niks.

- Agas moet net op die Here vertrou.
- Hy kan selfs van die Here 'n teken vra waarmee die Here dan sy belofte sal waarborg.

Baie skynheilig, maar met totale ongeloof as grond, weier Agas om die teken te vra.

- Hy gee voor dat hy die Here nie wil beproef nie.
- Hy het ander planne, en daarom wil hy God liever buite die prentjie hou – hy het toe al die plan in sy kop gehad om by die Assiriërs te gaan hulp soek.
- Die beginsel is net dat hy op 'n ander plek as in die beloftes van God sy hulp gaan soek.

Daarom gee God self 'n teken:

Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem. Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is; want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees.

(Jesaja 7:14-16 AFR1953)

Let net op vir wie die teken gegee word – die huis van Dawid.

- Met ander woorde, Agas en sy geslag. Die koningshuis!
- Die mense wat op daardie oomblik so goddeloos is!
- Die Bybel stel dit so dat hulle in daardie stadium sowel mense as God gekwel het.

Die profesie is ook in ten minste twee vlakke vervul. Die Immanuel-teken het 'n dubbele betekenis:

- Dit het 'n aanvanklike betekenis vir die mense in wie se tyd dit uitgespreek is – die eerste vervulling was waarskynlik nog in die tyd van Agas self.
- Dan het dit ook 'n hoëre betekenis wat in Matteus genoem word.

Die Hebreeuse woord wat in Jesaja 7:14 in die 1933-vertaling vertaal word met *maagd*, beteken inderdaad net jongvrou. Vers 16 en 17 laat ons ook verstaan dat die profesie baie vinnig nog in die tyd van Agas vervul sou word.

- In die tyd van Agas was daar waarskynlik 'n bepaalde jongvrou, van wie sowel Jesaja as Agas geweet het, en hierdie jongvrou was swanger.
- Die profesie het Agas laat verstaan dat daardie baba gebore sou word, al lyk die politieke toestande hoe swaar ook al.

- En voor die seuntjie wat gebore sou word, sy verstand sou hê, sou die vyande nie meer bestaan nie.

Die profesie verwys daarna dat die seuntjie al gespeen sal wees en self dikmelk en heuning sal eet.

- Dis natuurlik die voedsel wat die weelde van die beloofde land gekenmerk het, volgens Eksodus 3:8 en 17.
- Daarmee word dit duidelik geprofeteer dat Peka en Resin in daardie stadium al die land sou verlaat het, en dat die oorlogsverwoesting dan al verby sou wees.

In die naamgewing **Immanuel**, wat beteken **God met ons**, lê 'n geloofsuitspraak wat in lynregte teenstelling staan met Agas se ongeloof.

- Al die mense wat later die naam van die kind gehoor het – **Immanuel** – sou onthou het dat Jesaja mos geprofeteer het dat die Here genade sou gee – en nou het Hy.
- Die Here se beloftes is dus waar!

3. Die Immanuel-teken vervul in die Here Jesus Christus

Die profesie het egter nie net gesien op hierdie besondere geval – van die swanger jongvrou –, wat naby aan Agas was nie.

- Dit is inderdaad eers eeue later werklik vervul.
- Blykens Matteus 1:23 is hierdie profesie vervul met die geboorte van die Here Jesus Christus.
- Met die Immanuel-teken het God dus reeds die koms van sy Seun in die vlees geopenbaar.

Dit wys duidelik dat die belofte van die Here nie met die eerste vervulling in die tyd van Agas al uitgeput geraak het nie. Die woord van God het 'n baie wyer strekking.

- Die gedagte **God met ons** gee troos in alle nood, ook nood in die skepping wat aan die nietigheid onderworpe is.
- Die troos het gekom deur die geboorte van die Jesus Christus uit die maagd Maria.

Daarom is dit baie belangrik om raak te sien dat die profesie van Jesaja 7 ook 'n skerp element van oordeel in hom ingebou het.

- Die heil wat die Here daar beloop het, was net bestem vir die vrou en haar kind, en die oorblyfsel van die volk – dit het hier ook al gesien op die wat gaan terugkeer uit die latere Ballingskap.
- *Die goddelose Agas en sy koningshuis het nie van hierdie vrug van God se genadebeloftes deel gehad nie.*

Met ons is dit anders. Ons het 'n baie ryke belewenis van **God met ons** – spesifiek soos dit in Jesus Christus in vervulling geraak het.

- Ons beleef dit elke keer as ons Nagmaal vier.
- Dit is telkens 'n duidelike openbaring van God se kant af aan ons dat Hy in Jesus Christus nooit van ons wyk nie.

God self verseker ons ook deur die Nagmaal van oorwinning oor alles wat in hierdie tyd ons geloof en ons bestaan bedreig omdat God self ons met die soenverdienste van Jesus Christus verhef bo die tyd:

- In die Here Jesus Christus lewe ons vir ewig.
- In die Here Jesus Christus word ons oorwinnaars oor alle magte wat buite die hemel is – in watter tydvak hulle ook al bestaan.

Ons word deur die Here verseker dat ons deur sy Seun voluit in die ligkring van sy genade staan.

- Hy verseker ons dat deur die Here Jesus Christus die oordeel nie oor ons sal kom nie, maar wel die verlossing.
- Hierdie profesie openbaar verder ook dat daar 'n tyd kom wanneer hierdie slegte ryke en kragte glad nie meer sal bestaan nie.

Ons weet ook uit die boek Openbaring dat dit waar is omdat die Here hierdie magte saam met sy hoof, die duiwel, tot in ewigheid sal verseël in die doderyk.

Moet nie soos Agas in die tyd vassteek nie, maar kyk deur ons tyd na die God van die tyd, wat nooit van ons wyk nie.

Kom ons kyk na ons belydenis waar die beginsels wat in die preek vervat word uiteengesit word in die Heidelbergse Kategismus Sondag 6:

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).

(a) Eseg 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb2:26, 27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18:

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).

(a) Jes 9:5; 63:3; (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11; (d) Jes 53:5, 11.

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).

(a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1; (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22, 3:18. (d) 1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9..(e) 1 Kor 1:30.

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; (d). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e).

(a) Gen 3:15; (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41, Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:7; Joh 5:46. (e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 18-7:1, 12 (45)

- | | |
|---|--|
| <p>1 Hy het my die stad getoon,
groot en van die hemel dalend,
en, deur God se ligglans skoon,
soos 'n kleurgesteente stralend,
helder soos 'n kristalyn
wat in al sy klaarheid skyn.</p> | <p>12 Daar sal in die heiligdom
niemand wat die kwaad bedrywe,
ooit of immer binnekome.
Hul van wie die naam geskrywe
in die Lewensboek sal staan,
hulle sal daar binnegaan.</p> |
|---|--|

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 21 Maart 2010